

Nooit 'n oomblik weg van God af nie!

"Solank ek lewe ..." Hoeveel jare het u nog? Werk bietjie uit: Psalm 90 sê: "Ons lewe is maar sewentig jaar of as ons baie sterk is, tagtig." Hoelank nog? Die statistiek sê die lewensverwagting van vroue is 67 en mans 63. Is jy dalk al "oor jou tyd"? Hoeveel lewensdae God jou ook al gun, leef met hierdie belydenis: Solank as ek lewe, DV, Deo Volente, as God wil. Ek staan onder God se wil. Dit maak nie saak of jy 'n kleuter, tiener, skoolverlater of pensioenaris is nie. Dit geld vir ons almal.

Met sy hele wese smag die digter van Psalm 63 na God. Die woorde "soos in 'n dor en droë land" dui op mense se geestelike nood. Deur die Heilige Gees sal ons ook smag na God soos mense smag na water in waterlose streke. Ons kan alleen deur geloofskrag hier leef, alleen leef deur naby God te bly, al lyk dit asof ons van Hom geskei is. Ons sal brand van verlange na God, ons God. Dit is deel van ons gebroke bestaan in hierdie gebroke wêreld.

In Jesus, wat godverlatenheid gely het, het dit duidelik geword dat God se troue teenwoordigheid nog meer werd is as die lewe. In ons sondige hart wek die Heilige Gees iets op wat meer is as wat hierdie gebroke wêreld vir ons kan gee. Hy hou ons tog vas in sy troue liefde.

Te midde van die omstandighede dank Dawid God vir sy goeie gawes. Letterlik staan daar: "vet" en "murg". Dit geniet die digter in die tempel by 'n maaltyd waar die beste vleis van vetgemaakte diere voorgesit word.

Dank God vir sy goeie gawes aan u, vir vet en murg. Tel u seëninge: u gesondheidstoestand, familie, geestelike seëninge en ryke hemelse seëninge. Al God se onverdiende goeie gawes aan ons is oorvloedig soos vet en murg in die lewensdae wat Hy ons gun.

Sing: Psalm 90:2, 5, 7, 9

Ds Pieter Lourens (Bloemfontein/Bloemfontein-Oos)